Gee ‘n kritiese bespreking van hierdie stelling met behulp van die onderstaande bronne: (20)

[60]

1.1 INDUSTRIË

- Die doel was die drievoudige vergroting van die produksie van steenkool, yster, olie en swaar industrië.
- Alle privaatondernemings moes ook genasionaliseer word.
- GOSPLAN het die volgende beplan:
 - die ligging en produksie van nywerhede
 - die volle ontwikkeling van hulpbronne
 - die aanwending van arbeidskragte
 - die ontwikkeling van spoorweë, fabriek, myne en hidro-elektiese skemas
 - die inskakeling van bestaande fabriek en industrieë.
- Die doelstellings kon slegs bereik word deur die invordering van belasting en lang werksure.
- Tegnici moes uit Duitsland en Brittanje verkry word om vakmanne op te lei.
- Die samewerking van werkers moes deur middel van grootskaalse propaganda veldtogte verkry word.
- Daar is verklaar dat die kapitalistiese weste Rusland se ekonomie wil verswak en dan oorweldig.
- Daar word gesê dat arbeiders hulle karige lone aan die staat oorhandig het.
- Werkers het dikwels sonder enige vergoeding oortyd gewerk.
- Werkers van fabriek het met mekaar gewedywer om produksie kwotas te oortref.
- Werkers wat nie kon slaag om hulle produksie kwotas te bereik nie is tot vyande van die staat verklaar.
- Werkers is ook as straf na arbeidskampe gestuur.
- In Augustus het ‘n jong myner Alexei Stakanov daarin geslaag om onder ideale omstandighede, 14maal sy normale produksie kwota te lewer.
- Hy is tot nasionale held vereer.
- Werkers is aangemoedig om “Stakanov’s” of skokwerkers te word.
- * Groot hidro-elektiese kragentrale is in die Djneperivier voltooi.
- Trekkerfabriek is in Kharkov (lewer 27000 trekkers per jaar) en Stalingrad opgerig.
- Nywerhede is in Transkaukasië gemoderniseer.
- Die Turkestan-Siberiese spoorlyn van 760km is ‘n jaar voor die tyd voltooi.
- Steenkool en metallurgiese nywerhede het in die Donbekken uit gebrei.
- NB 93% van die Eerste vyfjaarplan is in vierjaar voltooi.
- Daar was egter verskeie probleme:
 - Rusland as nywerheidstaat was nie met Brittanje, Frankryk of die VSA vergelykbaar nie.
 - daar was ernstige tekorte aan verbruikersgoedere soos meubels
 - kwantiteit is beklemtoon en daarom is swak kwaliteit masjienerie, voertuie en lokomotiewe gelewer
 - produksie syfers was steeds laag
 - die toestande in die nywerheidstede was baie swak.

DIE TWEDE VYFJAARPLAN

- Die doelstellings hiervan was die:
 - verhoging van kwaliteit
 - elektrifisering van spoorlyne en bou van kanale

- verbetering van behuising en lewensomstandighede
- hoër lone en betaling volgens produksie
- vervaardiging van verbruikersgoedere soos skoene, klere en ingemaakte voedsel
- die desentralisering van nywerhede.
- Hitler se agressiewe optrede sedert 1935 lei tot die wysiging van die doelstellings deur die vervaardiging van krygstuig te beklemtoon.
- Nuwe myne is in Midde Asië begin.
- Die Oeral-Wolgastreek is ontwikkel.
- Die program van kollektivisering is voortgesit en die aantal staatsplase het toegeneem.
- Daar was groter suksesse agv groter meganisering en wetenskaplike boerderymetodes, bereik.
- Verbetering en uitbreiding van onderwys deur verpligte onderwys, tussen drie en sesjaar, is ingestel.
- Geen onderrig strydig met die kommunistiese leerstelling is toe gelaat nie.

(Maks 40)

2.2 Die volgende is riglyne wat saam met die aangehegte rubriek gebruik moet word om die kandidaat se antwoord te beoordeel:

L.W. kandidate kan ja en nee antwoord, alle standpuntinname moet egter gemotiveer wees en heen wys na 'n ontleding van die bronne. Standpunte kan ook toegelig word met addisionele feite uit die kandidate se eie aantekeninge.

- Ja, die suksesse van die Vyfjaarplanne het glorie vir Stalin gebring en opofferings vir sy mense
- Die suksesse is in die eerste plek aan Stalin toegeskryf en nie aan die harde werk en opofferings wat die Russiese bevolking moes maak om vasgestelde produksiekwotas te ewenaar en te oorskrei nie
- Rusland het wel staal- en yster-, meganiesegereedskap, moderne chemiese en landboumasjinerie industreë gekry
- Voorsiening van elektrisiteit het van 5,05 tot 36,2 toegeneem tussen 1927 en 1928
- Steenkoolproduksie styg van 35,4 tot 128,0 miljoen ton
- Olieproduksie het van 11,7 tot 46,8 toegeneem
- Nuwe industriële sentra het ontstaan by Magnotogorsk en Sverdlosk
- Die Sowjet-Unie se aandeel in wêreldproduksie het van ongeveer 5 tot 18% gestyg
- Werkloosheid het feitlik nie bestaan nie
- Rusland is nie werklik geraak deur die Depressie van 1929 – 1933 nie
- Sowjetwerkers is goed betaal en het bonusse verdien
- Onderwys was vry en verpligtend en daar was verskeie opleidingskemas in kolleges en by werksplekke
- Die USSR het teen 1940 meer dokters per hoof as Brittanje gehad
- Al hierdie suksesse is deur middel van propaganda plakkate aan Stalin toegeskryf om sy beeld te verheerlik – Die Persoonlikheidskultus
- Hy word saam met die werkers op plakkate vertoon as verantwoordelik vir die uitvoering van die program
- Kommunistiese leiers was verplig om Stalin in toesprake te verheerlik soos die van Nikita Krushshev in 1937, waarskynlik slegs 'n set om sy eie lewe te red
- Dit was die hoogtepunt van die suiwerings waartydens Stalin die KP gesuiwer het deur van almal ontslae te raak wat teen hom en sy beleid praat
- Krushshev sou egter na die dood van Stalin 'n ander deuntjie sing toe hy met sy de-Stalinisasie program begin het
- Die opofferinge wat die mense moes maak om Stalin te verheerlik deur die Vyfjaarplanne uit te voer was ontsaglik groot

- Strawwe en fabrieksdissipline was baie swaar
- Laatheid en afwesigheid is met afdanking bestraf
- Werkers se vryheid van beweging en beroepskeuse is aan bande gelê deur binnelandse paspoorte
- Indien werkers nie Stalin verheerlik het deur huile produksiekwotas te bereik nie, is hulle tot vyande van die staat verklaar
- Hierdie mense is na arbeids/konsentrasie kampe gestuur waar 'n gewisse dood op hulle gewag het
- Mense het Stalin gevrees en geglo dat hy oppermagtig en alomteenwoordig was
- Die Geheime Polisie het alle ontevredenheid en weerstand opgestel en daardeur opgetree
- Die geskiedkundige J. Lee meen ook dat dit die tsaars was wat die baanbrekers werk gedoen het wat Stalin van 'n stewige fondament voorsien het om die suksesse van die Vyfjaarplanne te verseker
- Die USSR met sy ontsaglike rykdomme en ekonomiese potensiaal sou waarskynlik onder enige ekonomiese beleid suksesse behaal
- Opleiding en samewerking van die bevolking kon op 'n milder geweldadige wyse verkry en verseker word
- As gevolg van die beklemtoning van kwantiteit was die kwaliteit van goedere baie swak
- Vrees het in die USSR oorheers
- Alhoewel groot vooruitgang bereik is, was Rusland nog ver agter die weste.
- Die lewenspeil was nog steeds laag gewees.
- Verbruikersgoedere bly steeds skaars.
- Daar was geen politieke vryheid nie.
- Rusland was geen werkersparadys nie:
 - daar was geen vrye oorskakeling van werk nie,
 - werksure is verleng tot 8ure per dag,
 - Sondae is as rusdag afgeskaf.

(Maks 20)
TOTAAL 60

VRAAG 2

Alhoewel die woorde van Charles Dickens, “dit was die beste tye, dit was die slegste tye” na die tydperk van die Franse Rewolusie verwys, beskryf dit die Amerikaanse ekonomie en gemeenskap van 1929 – 1932 uitstekend.

Die snelle groei van die Amerikaanse ekonomie tussen 1922 – 1929 is gevolg deur die slegste jare toe die depressie Amerika van 1929 – 1932 getref het.

2.1.1 Bespreek die redes vir albei bogenoemde “beste tye” en “slegste tye”.

(40)

2.2 Dink jy F. D. Roosevelt het die probleme wat Amerika in die 1930's in die gesig gestaar het, aangespreek? Om hierdie vraag te beantwoord moet u die onderstaande bronne met betrekking tot die effektiwiteit van die New Deal krities analiseer.

(20)

[60]

2.1. Die Sewe Vetjare, 1922-1929

- Na die Eerste Wêreldoorlog belewe die VSA ekonomie 'n ineenval.
- Dit word toegeskryf aan die afname in die aanvraag van krygstuig en die Europese lande se groot leningsoorlogskuld
- Die na-oorlogse depressie het alle fasette van die nywerheidswêreld geraak
- Behalwe boerdery het die ander sektore egter gou herstel.
- Dit wou voorkom of almal in die voorspoed gedeel het
- Daar is geglo dat armoede in die VSA uitgeroei is.
- Die voorspoedige jare het bekend gestaan as die Sewe Vetjare.
- Twee moontlike redes vir die voorspoed was:
 - o die feit dat die VSA van debiteur na krediteur verander het en
 - o die ywer van die Amerikaners om die Duitse en Sjinese tegnologie te verbeter.

Die Ontwikkeling van die Belangrikste Nywerhede :

- Ford Motors, General Motors en ander maatskappye het uitgebrei.
- Hulle probeer goedkoop motors vervaardig vir elke man op straat.
- Teen 1919 is vyf miljoen motors per jaar vervaardig.
- Die motorbedryf bevoordeel die ontwikkeling van ander vervaardigingsbedrywe soos glas, rubber en allouie.
- Vragmotors en handelsvoertuie is ook vervaardig.
- Dit voorsien goeie buitelandse valuta vir Amerika.
- Dit bring ook die meganisering van die landboubedryf.
- Groeiende nywerhede noodsaak vinnige en beter vervoer.
- Spoorwegstelsels moes uitgebrei en sterker en groter lokomotiewe moes gebou word.
- In die stede verskyn trems en passasiersbusse.
- Die vliegtuig word ook in die passasiersbedryf in gespan.
- Dit was veral voordelig vir die sake wêreld.
- Stede en state moes ook hulle padstelsels verbeter.
- Groot hoofweë word gebou wat die vervoerdiens bespoedig.
- Die ontwikkeling in die kommunikasiestelsels bring die sakewêreld, nywerhede en die volk nader aanmekaar.
- Danksy vinniger drukperse en beter letteruitsettings word gedrukte materiaal goedkoper en makliker bekombaar.
- Uitbreiding en verbetering van telefoonstelsels vergemaklik persoon tot persoon kontak.
- Die radio en klankrolprent het belangrike audiovisuele trefkrag.
- Dit bring wel eenvormigheid van denke mee.
- Die rewolusie in die vervoerwese is moontlik gemaak deur die ontwikkeling van nuwe masjiene en elektriese motors.

- Die binnebrandmotor in 'n kompakte eenheid word gebou.
- Probleme van meganiese krag vir nywerhede word uitgeskakel deur elektrisiteit.
- Woonhuise met elektrisiteit kan ook elektriese apparaat gebruik.
- Die ontginning van steenkool en aardolie is ook deur bg bevoordeel.
- Die filmbedryf word een van die grootste bedrywe in die VSA.
- Die klankrolprent lei tot verdere uitbreidings.
- Teen 1926 was daar sowat 20 000 bioskope in die VSA.
- Sowat 100miljoen mense het vertonings weekliks bygewoon
- Amerikaanse films word 'n belangrike uitvoerproduk.
- Die naam Hollywood word wêreldwyd bekend.

Basiese swakhede in die VSA ekonomie teen 1929:

- Teen 1929 was die volgende basiese swakhede bespeur:
- Handel met ander lande is nie aangemoedig nie.
- Daar is te veel gesteun op die eie binnelandse mark.
- Die ekonomie is oorheers deur die groot industrialiste en kapitaliste.
- Die gewone werker kry nie 'n regverdige aandeel in die ekonomie nie
- Landbouers het nie in die voorspoed gedeel nie
- Die bevolking se inkomste was oneweredig verdeel.
- Daar was min werklik welvarende mense.
- Die inkomste van die armes bly staties.
- Die koopkrag van die gewone mens was beperk.
- Groot advertensieveldtogte moedig onverantwoordelikheid aan
- Mense het nie gespaar nie
- Daar is te veel luukshede gekoop.
- Oorproduksie van sommige goedere het bestaan.
- Die ontwikkeling van masjienerie het bygedrae tot werkloosheid.
- Daar was nie werkloosheidversekering nie.
- Mense het te veel gespekuleer op die aandelemark.

Die Groot Depressie

- Die omvang en uitwerking van 'n depressie word gemeet aan die afname in die wêreldhandel.
- Gewone depressies, het nog nooit voorheen, 'n afname van 7% in die wêreldhandel oorskry nie.
- Met die groot depressie was daar 'n afname van 36% in die wêreldhandel.
- Nywerheidsproduksie daal van 110 punte tot 58.
- Amerikaanse uitvoere daal met 70%.
- Die beleid van isolasie op politieke gebied na die Eerste Wêreldoorlog het weldrae ook op ekonomiese gebied posgevat.
- Die Republikeinse party was tot 'n groot mate pro-nywerheid en anti-boergesind.
- Die instelling van die Fordney-McCumberwet het buitelandse kompetisie uitgeskakel deur hoë invoertariewe.
- Die VSA maak dus hoofsaaklik staat op sy eie binnelandse mark
- Dit het die vloeibare handel met die res van die wêreld benadeel deur 'n tarieweringmuur om die Amerikaanse produkte.
- Dit was tot nadeel van die VSA en die wêreldekonomië.
- 'n Gesonde ekonomie laat alle inkomste groepe deel in die voorspoed van die land.
- Na 1920 was die ekonomie gebonde aan die sakewêreld waarin die belange van die kapitaliste en nyweraars oorheers het.
- Nywerheidsproduksie toon 'n toename van 60%.
- Salarisse van stedelike werkers het slegs met 10% toegeneem
- Wêreldpryse vir landbouprodukte was baie laag maar landbou implimente en ander benodighede was baie duur.

- Die afname in die koopkrag van die boere benadeel die ekonomie.
- Industrië wat uitbrei lê hulle toe op massaproduksie
- Massaproduksie vereis massaverbruik
- Advertensiewese het hulle toegelê op massaverbruik
- Die gevolglike koopgier lei tot 'n gees van onverantwoordelikheid
- In plaas van spaar is gespandeer.
- Kredietverskaffing maak dit maklik om te koop.
- Dit het egter groot skuld beteken.
- Die radio, motor en rolprentbedryf dra ook by tot gemaksugtigheid en spandabelrigheid
- Die VSA ekonomie is nie op likwiditeit gebou nie
- Daar was 'n wanbalans in die volksinkomste.
- 'n Derde van die inkomste was in die hande van die geldbase, 5% van die bevolking.
- Daar was 'n groot wanbalans tussen salarisse en profyte.
- Die rykes word ryker en die armes armer.
- Die werkersklas was ook die verbruikersmassa.
- Die massa fabrieksgoedere word dus nie geabsorbeer nie.
- Algemene voorspoed in die VSA het gelei tot spekulasie op die aandelemark, deur die gewone man op straat
- Pryse op die aandelemark het ongesonde hoogtes ingeskiet.
- Waarskuwings in 1928 is geignoreer.
- Aandele het bly styg tot 'n reaksie op 7 September begin intree het.
- Op 24 Oktober is 13 miljoen aandele verhandel.
- Die aandelemark het op dieselfde dag ineengestort
- Gedurende die Eerste Wêreldoorlog leen die VSA +10 000miljoen dollar aan Brittanje en Frankryk.
- Toe Duitsland nie meer oorlogskuld aan hulle betaal nie kon die twee lande nie hulle leningskuld aan die VSA terugbetaal nie.
- Die VSA weier die opskorting van hulle skuld.
- Hoë invoertariewe op Europese produkte, ontnem die lande van 'n alternatiewe inkomste.
- Die VSA is hierdeur egter ook as wêreldkrediteur nadelig getref.
- Oorproduksie lei noodwendig tot laer pryse.
- Lande soos Australië en Brazilië was van buitelandse kapitaal afhanklik deur die uitvoer van hulle landbouprodukte.
- Dalende landboupryse beteken hulle verdien te min vir hulle uitvoere.
- Ook in Europa was daar oorproduksie.
- Dit bring 'n afname in internasionale kapitaalvloei en gelde devalueer.

(Maks 40)

2.2 Die volgende is riglyne wat saam met die aangehegte rubriek gebruik moet word om die kandidaat se antwoord te beoordeel:

L.W. kandidaat kan ja en nee antwoord, alle standpuntinname moet egter gemotiveer wees en heen wys na 'n ontleding van die bronne. Standpunte kan ook toegelig word met addisionele feite uit die kandidaat se eie aantekeninge.

L.W. Die kandidaat mag nie hier die New Deal as sulks volledig uiteen sit nie

- Ja, die New Deal het die belangrikste probleme in die VSA aangespreek
- 'n Republikein, dus opponent van die demokratiese president Roosevelt sal beswaarlik erken dat die beleid die korrekte een was
- daar was 'n afname in die werkloosheidsyfer
- Werkskeppingsprogramme soos die CCC, Tennessee Valleiskema, WPA ens. (MAKS 3 punte vir 'n bespreking hiervan) het werkloos van werk en 'n inkomste voorsien

- Daar was 'n groei in die ledetal van georganiseerde arbeidsorganisasies danksy wetgewing soos die Wagnerwet, Social Security Act ens. (MAKS 3 punte vir 'n bespreking hiervan)
- Daar was 'n geweldige styging in handel met die res van die wêreld waardeur die beleid van ekonomiese isolasie van die vorige regering beëindig is
- Daar was 'n toename in staatsbesteding om hulp te voorsien
- Die New Deal het 'n regverdige gemeenskap geskep deur die erkenning van boere en werkers wat nie voorheen in die voorspoed van die land gedeel het nie
- Etniese groep soos die swart Amerikaners en 'n nuwe intellektuele-administratiewe klas het ook baat gevind
- Alhoewel groot besighede/ kapitaliste ontevrede was met wat hulle as staatsinmenging beskou het het hulle inkomste ook toegeneem soos keorantberigte in spotprent C toon
- (MAKS 3 punte vir voorbeelde genoem) General Motors se aandele het 'n hoogtepunt bereik, US Steel toon profyte, Du Pont toon profyte, die verhandeling van aandele styg ens.
- Die bronne ondersteun sommige standpunte maar weerspreek ook mekaar – dit sal so wees want mense kyk na die saak vanuit verskillende perspektiewe en geen een stelsel kan 100% perfek/effektief wees nie
- Roosevelt het dus relief, recovery en reform (MAKS 3 punte vir uitbreiding hierop) gebring soos hy belowe het en sodoende die Depressie in Amerika die hoof gebied
- Nee, die New Deal was nie werklik so effektief nie
- Welvaarende mense wat geslagte lank hard gewerk en gespaar het, moes baie inboet
- Soos die spotprent toon is biljoene dollar van die belastingbetaler se geld vermors op stappe wat laat vaar is of in 'n lekkende stelsel gepomp wat verlore geraak het
- Groot besighede is benadeel deur staatsinmenging deur middel van NIRA
- Alhoewel werkloosheid afgeneem het is dit nie uitgroei nie
- Tussen 1932 en 1939 was daar nog steeds 'n minimum van 14,3% van die bevolking sonder werk
- Invoere het ook in ongeveer 1937 die uitvoere oorskrei
- Rykes het steeds die grootste persentasie van die land se rykdomme beheer
- Die rykes het ook die hoogste poste in die howe, polisie, koerantwese, kerke en kolleges beklee
- Die ekonomie sou waarskynlik mettertyd vanself en spoediger herstel het as Roosevelt nie met sy beleid van inmenging begin het nie
- Baie mense het van die maatreëls wat aangeneem is as kommunisties gesien en dit veroordeel
- Daar is gevoel dat privaatinisiatief aanbande gelê is

(Maks 20)
TOTAAL 60

Hoër GRAAD**VRAAG 3**

3.1 Skryf 'n opstel oor die opstande in Hongarye en Tsjeggo-Slowakye teen die Sowjet oorheersing.

DIE HONGAARSE OPSTAND, 1956

- Die Hongaarse leiers soos Rakosi en Gerö het weinig of geen invloed op die bevolking van Hongarye gehad
- Daar was onderlinge verdeeltheid en
- hulle was nie in staat om die rewolusionêre beweging in toom te hou nie
- Rakosi was die leidende na-oorlogse Kommunistiese leier in Hongarye en
- kon op die volle ondersteuning van Stalin staatmaak
- Hy het misluk om hierdie land te regeer
- Die ekonomiese omstandighede en lewensstandaard in Hongarye het verlaag
- Rakosi se antwoord op die toenemende ongelukkigheid was die gebruik van meer geweld en terreur
- Na Stalin se dood is Imre Nagy as die Eerste Minister van Hongarye aangewys
- Nagy was 'n Kommunist maar ook 'n onversette Hongaarse nasionalis
- Hy het 'n meer onafhanklike houding teenoor Rusland ingeneem
- Hy het belowe om hervormings van stapel te stuur
- Die gevolg hiervan was dat hy uit sy pos ontslaan is en uit die Kommunistiese Party verban is
- Rakosi is weer as Eerste Minister aangestel, maar het gou probleme ondervind
- Sy regering moes die probleem van groterwordende eise vir groter vryheid, nasionale erkenning en
- die herstel van persvryheid te bowe kom
- A.g.v. die teenkanding het Moskou weer vir Rakosi afgedank
- Hy is deur Gerö, 'n ander simpatiseerder van Moskou, vervang
- Ook hy het geen antwoord gehad vir die groterwordende ontevredendheid wat deur die anti-regerings betogers in Boedapest en ander belangrike stede aangespoor is
- Die Hongare het toe geëis dat Gerö met Nagy vervang word
- wat in Oktober 1956 gebeur
- Die strewe na hervorming in Hongarye het op hierdie stadium so ver gegaan dat Nagy nie in staat was om die nasionale rewolusionêre beweging te keer nie
- Hy het geen ander keuse gehad as om toe te gee aan die eise vir hervorming nie
- Verskeie burgerlike regte, wat lank reeds afwesig was in Hongarye, is ingestel
- Nagy moes die een-party stelsel afskaf en
- dit met 'n koalisie regering waarby nie-Kommuniste ingesluit is vervang
- Die Russiese leiers het hierdie hervorming met agterdog beskou
- Die Russiese troepe het opdrag gekry om Hongarye binne te val
- Nagy se reaksie hierop was om die Hongaarse lidmaatskap van die Warskoue Verdrag te beëindig
- Hy het Hongarye as 'n onafhanklike staat verklaar
- Die Verenigde Volke is versoek om die Hongaarse onafhanklikheid te beskerm
- Die Rooi Leër het opdrag gekry om tot die aanval oor te gaan
- Die Hongare het braaf weerstand gebied, maar was nie teen die Russiese tenks opgewasse nie
- Hongarye is deur die Russiese troepe beset,
- Nagy is verwyder as leier en is in 1957 terreggestel
- Janos Kadar, 'n Moskoue ondersteuner, het die nuwe leier van die regering geword

- Hy het onmiddelik all hervormings wat deur Nagy toegestaan is teruggetrek
- Dit was die einde van nasionale onafhanklikheid vir Hongarye
- Alhoewel die Russe Hongarye in hul kamp terug gedwing het,
- het hierdie inval twee vernietigende gevolge vir die Sowjet Unie ingehou:
- Eerstens, het die Hongaarse opstand die tekort aan eensgesindheid binne die Kommunistiese blok uitgelig
- Tweedens, het Rusland die groot hoeveelheid kommunistiese ondersteuners in Westerse lande soos Frankryk van hulle vervreemd

(Maks 25)

DIE TSJEGGO-SLOWAAKSE KRISIS, 1968

- Toe Rusland beheer van Tsjeggo-Slowakye in 1945 oorgeneem het,
- het hy toegelaat dat die liberale Edward Benes President word terwyl
- Jan Masaryk die Minister van Buitlandse Sake was
- Hierdie toestand is slegs geduld totdat die Kommuniste in beheer was van belangrike staatsdepartemente soos die polisie
- In 1948 is 'n kommunistiese staatsgreep geloots
- Benes is as President afgedank en Masaryk het blykbaar selfmoord gepleeg
- Die Kommunistiese regering kon die mense van Tsjeggo-Slowakye se strewe na vryheid en hul nasionale gevoel demp nie
- Nadat die regering in 1967 geweier het om te reageer op die eise van Tsjeggiëse skrywers dat die streng sensor wetgewing geskrap word
- het 'n sterk beweging ten gunste van hervorming ontstaan
- 'n Breuk het ontstaan tussen die 'liberale' Kommuniste wat ten gunste was vir die verskapping van die onderdrukkende wette en
- die 'konserwatiese' Kommuniste wat steeds aan die Stalinistiese gebruike geklou het
- In 1968 het die liberale Kommuniste onder leiding van Alexander Dubcek daarin geslaag om beheer van die Party masjienerie en ook die regering te verkry
- Liberale hervormings is ingestel
- Dit het persvryheid en vryheid van spraak ingesluit
- Stalinistiese binne die regering is verwyder
- Godsdiensvryheid is ingestel
- Ekonomiese beheer is verslap
- Rusland en die nader Kommunistiese buurlande het hierdie veranderinge in Tsjeggo-Slowakye met agterdog bejeen
- Hul twee grootste vrese was dat, eerstens, die solidariteit van die Warskouse Verdrag ondermyn sou word en
- Tweedens, dat die Tsjeggo-Slowaakse voorbeeld van liberale hervormings sou aanleiding gee tot soortgelyke eise in die ander satelietstate
- Rusland was besonder bekommerd aangesien dit kon aanleiding gee tot algemene opstande
- In Junie 1968 is militêre oefeninge in Tsjeggo-Slowakye deur die Warskouse Verdrag gehou as 'n vorm van intimidasie
- In Julie 1968 is Dubcek en ander Tsjeggo-Slowaakse leiers na Moskou opgekommandeer om hul aksies te verduidelik
- In 'n openlike vertoning van manmoed wat almal verbaas het, het die leiers geweier
- Gevolglik is 'n ander vergadering in 'n dorpie naby die Tsjeggo-Slowaakse grens gehou waarna 'n verkaring uitgeryk is
- Hierdie verklaring het twee beloftes bevat: Eerstens, die Warskouse Verdrags lande sal voorgaan met hul noue samewerking
- Tweedens, die nasionale soewereiniteit van lande sal erken word

- Rusland het blykbaar die onafhanklikheids standpunt van Dubcek aanvaar op voorwaarde dat hy deel bly en saamwerk binne die Kommunistiese Blok
- Dit was egter net 'n sagmaak taktiek
- Rusland het agterdogtig gebly en in Augustus 1969 het 'n Sowiet weermag, deur Hongarye, Pole en Oos Duitsland ondersteun, Tsjeggo-Slowakye binne geval
- Beheer is oor die land oorgeneem en totale kommunistiese beheer is her-ingestel
- Dubcek se liberale beweging is onderdruk
- In Maart 1969 het the Tsjeggo-Slowaakse hokkie span die Sowiet Unie in Stockholm verslaan
- Dit het tot uitbundige vreugde in die Tsjeggiëse hoofstad gely
- Die weermag is gebruik om dit te onderdruk
- Dubcek is in hegtenis geneem en weer vrygelaat
- Hy was toe egter 'n gebroke man
- Die anti-Dubcek propaganda het hom gedwing om te bedank
- Dit was 'n bewys dat die Sowiet Unie nie sou toelaat dat sy beheer oor Oos Europa verswak sou word nie
- Dit het die Bresnev-idiologie (doctrine) in the Sowiet Blok laat begin

(Maks 30)

(40)

3.2 'n Analise van die eenheid, solidariteit, soewereiniteit en samewerking tussen die Oos Europese lande te maak.

- Gebruik die onderstaande tabelle om die analise van die kandidaat te ewalueer
- Lees hierdie gedeelte van die vraag noukeurig en evalueer dan elke aspek noukeurig
- Gebruik die inleidende aspekte as handleiding, maar moet dit nie as 'n absolute gevraagde feit beskou nie
- Van belang is tot watter mate die kandidaat die bronne materiaal gebruik om 'n analise te maak en 'n argument op te bou

Eenheid tussen Oos Europese state

- Khrushchev moedig die lande aan om meer voedsel te produseer
- Kommunisme moet aanvaarbaar vir alle mense wees
- Lenin het volgens die Marxistiese ideologie geglo dat Kommunisme die proletariaat oor die wêreld sal bevry
- Slegs deur saam te staan was daar 'n gevoel van eenheid
- Dit blyk dat daar 'n wantroue in die vermoë van die Kommunisties-sosialistiese ideologie om almal saam te snoer

Erkenning van die solidariteit tussen Oos Europese state

- Stalin het streng opgetree teen alle teenstanders van Kommunisme
- Daar is sterk opgetree teen persone wat die voorgestelde Kommunistiese waardes verontagsaam of ondergrawe het
- Afvalligheid in een land is as 'n gevaar vir almal gesien
- Kommunisme en Sosialisme is as die heiligdom van alle bondgenote gesien
- Die ideologiese Koue Oorlog is as 'n bedreiging vir almal beskou
- Enige vorm van kritiek is as 'n afwyking beskou wat gestraf moet word

Erkenning van die soewereiniteit van Oos Europese state

- Sataliet state is nie toegelaat om Westerse gebruike aan te hang nie
- Ondanks die beloftes van 'n induwiduele land het die Kommunistiese bondgenote in Oos Europa gesamentlik teen die wil van daardie land opgetree
- Enige opstand teen die Russiese oorheersing is met volle mag afgedwing
- Die solidariteit van alle sosialistiese state is as belangriker as die nasionale

soewereiniteit van 'n enkele staat beskou

- So lank as wat 'n staat volgens die wil van Rusland optree was soewereiniteit nie 'n probleem nie
- Die idee van 'n nasionale gevoel is as 'n bedryging vir die gesamentlike Kommunistiese ideologie beskou

Samewerking tussen Oos Europese state

- Geen teenstand teen die Kommunistiese beheer is gedult nie
- Oos Europese lande het mekaar ondersteun wanneer daar teen 'n afvallige land opgetree is
- Produksie kwotas is vir boere uitgewerk en die straf vir onder prestasie was universeel onder hulle
- Samewerking is as 'n gesamentlike optrede gesien waar daar geen plek was vir enige afwyking nie
- Effektief was hierdie samewerking van 'n negatiewe aard aangesien enige afwyking as 'n bedryging vir almal gesien is

Eenheid tussen Oos Europese state				
<ul style="list-style-type: none"> • Khrushchev moedig die lande aan om meer voedsel te produseer • Kommunisme moet aanvaarbaar vir alle mense wees • Lenin het volgens die Maxistiese ideologie geglo dat Kommunisme die proletariaat oor die wêreld sal bevry • Slegs deur saam te staan was daar 'n gevoel van eenhied • Dit blyk dat daar 'n wantroue in die vermoë van die Kommunisties-sosialistiese ideologie om almal saam te snoer 				
Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1
Erkenning van die solidariteit tussen Oos Europese state				
<ul style="list-style-type: none"> • Stalin het streng opgetree teen alle teenstanders van Kommunisme • Daar is sterk opgetree teen persone wat die voorgestelde Kommunistiese waardes verontagsaam of ondergrawe het • Afvalligheid in een land is as 'n gevaar vir almal gesien • Kommunisme en Sosialisme is as die heiligdom van alle bondgenote gesien • Die ideologiese Koue Oorlog is as 'n bedreiging vir almal beskou • Enige vorm van kritiek is as 'n afwyking beskou wat gestraf moet word 				
Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1
Erkenning van die soewereiniteit van Oos Europese state				
<ul style="list-style-type: none"> • Sataliet state is nie toegelaat om Westerse gebruike aan te hang nie • Ondanks die beloftes van 'n individuele land het die Kommunistiese bondgenote in Oos Europa gesamentlik teen die wil van daardie land opgetree • Enige opstand teen die Russiese oorheersing is met volle mag afgedwing • Die solidariteit van alle sosialistiese state is as belangriker as die nasionale soewereiniteit van 'n enkele staat beskou • So lank as wat 'n staat volgens die wil van Rusland optree was soewereiniteit nie 'n probleem nie • Die idee van 'n nasionale gevoel is as 'n bedryging vir die gesamentlike Kommunistiese ideologie beslou 				
Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1
Samewerking tussen Oos Europese state				
<ul style="list-style-type: none"> • Geen teenstand teen die Kommunistiese beheer is gedult nie • Oos Europese lande het mekaar ondersteun wanneer daar teen 'n afvallige land opgetree is • Produksie kwotas is vir boere uitgewerk en die straf vir onder prestasie was universeel onder hulle • Samewerking is as 'n gesamentlike optrede gesien waar daar geen plek was vir enige afwyking nie • Effektief was hierdie samewerking van 'n negatiewe aard aangesien enige afwyking as 'n bedryging vir almal gesien is 				
Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1

VRAAG 4

4.1 Skryf 'n opstel oor die betrokkenheid van die Verenigde State van Amerika en die Sowjet Unie in Afrika sedert 1945.

1. INLEIDING

- Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n hernude belangstelling in Afrika ontstaan
- Die ou koloniale moonthede het hul houvas op die Afrika State verloor en die proses van dekolonisasie het 'n mags vakuum geskep
- Die vakuum het gely na 'n nuwe 'wedloop om Afrika' met nuwe rolspelers
- Die nuwe magte wat na die Tweede Wêreldoorlog na vore gekom het was die VSA, die USSR (Rusland) en China
- In hul betrokkenheid by die Koue Oorlog het elk van hierdie moonthede gepoog om sy invloedseer uit te brei
- Die belangstelling in Afrika was dus net 'n uitbreiding van die Koue Oorlog
- Elk van die super moonthede het gepoog om die guns van die nuut ontwikkelende Afrika State te verkry
- Die Afrika State was op hierdie stadium nie betrokke by enige internasionale verdrag nie en hulle was ook nie gewillig om by die Koue Oorlog betrokke te raak nie

2 DIE ROL VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN AFRIKA

- Na die Tweede Wêreldoorlog het die VSA druk op die koloniale moonthede geplaas om dekolonisasie te aanvaar
- Roosevelt se beleid was om die bevrydingsbeweging in Afrika te ondersteun
- Hierdie beleid was grootliks deur idealisme en ekonomiese redes om 'n groter aandeel in die nuwe ontwikkelende Afrika mark te kry, gemotiveer
- Soos die Koue Oorlog in intensiteit toegeneem het, het die VSA se beleid na een van aktiewe betrokkenheid verander
- In 1957 het vis-Präsident Nixon 8 Afrika State besoek
- Die beleid van die VSA was:
 - Om die idee van demokrasie onder die nuwe Afrika State te versprei
 - Om sterk teenoor die Apartheids stelsel in Suid Afrika op te tree
 - Om op te volg op die groeiende Burgerregte Beweging binne die VSA
 - Om vriendskapsbande met Afrika State te sluit om Sowjet uitbreiding te keer
 - Poog om die verspreiding van kommunisme in Afrika te beheer
 - Om Afrika State se ondersteuning te kry want hulle is 'n sterk blok in die VN
 - Om sterk ekonomiese bande met Afrika State te ontwikkel
- Die VSA se handel met Afrika State het drasties toegeneem in die sestiger jare
- Van belang was om minerale soos goud, mangaan, steenkool en petroleum te kry
- Die behoefte aan minerale het aanleiding gegee tot 'n twee-delige beleid teenoor die apartheids beleid van Suid Afrika
- Op ekonomiese gebied het die VSA in Suid-Afrika belê en die benodigde minerale bekom, terwyl hy op politieke gebied Suid Afrika verdoem het
- Na 1970 het die VSA die bevrydingsbewegings baie meer ondersteun om die militêre ondesteuning aan hierdie bewegings deur die USSR en China teen te staan
- Groot somme van ekonomiese en finansiële hulp is aan Afrika State toegestaan
- Korrupsie en wanaanwending van die geld het die VSA egter ontugter
- Dit het ook gou duidelik geword dat die Afrika State nie in staat was om die leings en skuld terug te betaal nie
- Om te verseker dat demokrasie in Afrika gevestig en onderhou word was dit ook vir die VSA nodig om militêre ingrypings te maak

- Die algemene voorkoms van militêre staatsgrepe en die ontstaan van militêre een-party regerings het bygedra tot die ontnugtering van die VSA
- Weens die strategiese en militêre belangrikheid van Afrika was die VSA gedwing om 'n teenwoordigheid in strategiese posisies op die kontinent te handhaaf

(Maks 20)

3 DIE WAT DIE UNIE VAN SOWJET SOSIALISTIESE REPUBLIEKE (USSR) IN AFRIKA GESPEEL HET

- As deel van die internasionale uitbreiding van Kommunisme het die USSR belang gestel in die nuut geskape Afrika State na die Tweede Wêreldoorlog
- Stalin het dit as deel van die uitbreiding van Kommunistiese invloed tydens die Koue Oorlog gesien
- Die meeste Afrika state was egter na die oorlog nog gekoloniseer
- Rusland het 'n sterk anti-koloniale beleid gevolg
- Hul argument was dat kolonialisme die gevolg van Kapitalistiese uitbreiding was
- Die agtergeblewe toestand van Afrika en die tekort aan ontwikkeling is direk geblameer op die rol van die Kapitalistiese koloniale moonthede
- Kommunisme was egter gemik op die geïndustrialiseerde proletariaat, wat nie vergelykbaar was met die hoofsaaklik landbou geïntereerde Afrika bevolking
- By die Bandung Konferensie van 1955 het die USSR die belang van die stryd teen kolonialisme en die verkryging van onafhanklikheid vir Afrika State beklemtoon
- Dit het die Afrika leiers gelei en die weg gebaan vir 'n invloedryke Russiese rol
- Die USSR het begin om wapens, tegniese en finansiële hulp aan die bevrydingsbewegings in Afrika te verskaf
- Sommige Afrika State soos Egipte was die teiken waar daar wapens vir aanvalle op Israel verskaf is
- Finansiële hulp is aan Egipte gegee vir die bou van die Aswan Dam
- Die finansiële hulp aan Afrika deur Khrushchev was in die vorm van krediete
- Hulle kon goedere van Rusland verkry in ruil vir minerale
- Daardeur het die handel tussen Afrika State en die USSR geweldig toegeneem
- Bevrydingsbewegings soos Frelimo, MPLA, SWAPO, ANC en PAC is deur die USSR van wapens voorsien
- Buiten die belang van Afrika vir die USSR in die Koue Oorlog was sy beleid ook daarop gemik om met China mee te ding vir beheer in Afrika
- Beide lande was Kommunistiese maar hulle was in 'n ideologiese stryd gewikkel
- Beide het gepoog om die vriendskap van Afrika te wen
- In sy bevrydingstryd was Afrika State egter ver verwyder van beide Rusland en China
- Omdat hierdie twee lande hul bevrydingstryd ondersteun het, het die Afrika leiers hul hulp aangeneem
- Afrika leiers was nie bereid om politieke beheer aan Rusland en China te gee nie
- Nasser van Egipte het alle hulp wat aan hom aangebied is aanvaar maar het geweier om deur die USSR gedomineer te word
- Ander verhoudings het ook versuur bv. Gunië het die Sowjet Ambassadeur uitgesit
- Algerië het toegeslaan en alle kommunistiese aktiwiteite verbied
- Nkruma van Ghana was die grootste hoop vir die USSR, maar toe hy van mag onthef is en sy korrupte regering blootgestel is, het die beleid van die Sowjet Unie verander
- Finansiële hulp aan Afrika State is gestaak
- Direkte hulp aan die bevrydingsbewegings soos wapens het toegeneem
- Daar is ook humanitêre hulp soos studie beurse aan Afrika studente aangebied

(Maks 25)

(40)

4.2 Gebruik die informasie wat hierbo gegee word om 'n analise van die hoof doelsellings van die VSA en Rusland in Afrika te maak. Tot watter mate is hul pogings deur die houding van die Afrika State gehelp of teengestaan?

- Gebruik die onderstaande tabelle om die analise van die kandidaat te ewalueer
- Lees hierdie gedeelte van die vraag noukeurig en evalueer dan elke aspek noukeurig
- Gebruik die inleidende aspekte as handleiding, maar moet dit nie as 'n absolute gevraagde feit beskou nie
- Van belang is tot watter mate die kandidaat die bronne materiaal gebruik om 'n analise te maak en 'n argument op te bou

Doelstellings van die VSA

- Hulle wou demokrasie uitbrei in Afrika
- Hulle wou the Afrika State tot die Kapitalistiese ideologie oorhaal
- Hulle het Afrika as van strategiese belang gesien
- Beheer oor Afrika is as 'n oorwinning in die magsbalans gesien
- Het belanggestel in Afrika se minerale
- Hulle het Afrika se steun in die VN nodig gehad

Doelstellings van Rusland

- Hy wou Kommunisme uitbrei
- Het bevrydingsbewegings met hulp en wapens voorsien
- Sien 'n bevryde Afrika as 'n moontlike nuwe uitbreidings area
- Wou die hele wêreld aan Kommunisme onderwerp
- Stel belang in Afrika se minerale
- Wil handelsbande met Afrika vestig

Suksesse en Mislukkings van die betrokkenheid

- Afrika het kos benodig
- Afrika het finansiële hulp benodig vir ontwikkeling
- Afrika het enige hulp in sy bevrydingsstryd aanvaar
- Afrika was nie gewillig om van sy onafhanklikheid afstand te doen nie
- Demokrasie was nie toetaal aanvaarbaar nie - moes nog ontwikkel word
- Sosialisme was aanvaarbaar maar Kommunisme nie
- Afrika state het die super moonthede teen mekaar afgespeel
- Mislukkings was algemeen en suksesse dun versprey

Analise van die informasie

- Afrika het in die ideologiese stryd die swakhede van die super moonthede gesien
- Die hulp wat Afrika verlang het was meestal nie die hulp wat gegee is nie
- Bewapening het aan die Afrika leiers 'n valse gevoel van mag gegee
- Afrika was afhanklik van markte vir sy primêre produkte en kon dus nie onderhandel nie
- Armoede en hulpbehoewendheid het Afrika state gedwing om hulp van enige bron te aanvaar

Doelstellings van die VSA

- Hulle wou demokrasie uitbrei in Afrika
- Hulle wou the Afrika State tot die Kapitalistiese ideologie oorhaal
- Hulle het Afrika as van strategiese belang gesien
- Beheer oor Afrika is as 'n oorwinning in die magsbalans gesien
- Het belanggestel in Afrika se minerale
- Hulle het Afrika se steun in die VN nodig gehad

Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1

Doelstellings van Rusland

- Hy wou Kommunisme uitbrei
- Het bevrydingsbewegings met hulp en wapens voorsien
- Sien 'n bevryde Afrika as 'n moontlike nuwe uitbreidings area
- Wou die hele wêreld aan Kommunisme onderwerp
- Stel belang in Afrika se minerale
- Wil handelsbande met Afrika vestig

Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1

Suksesse en Mislukkings van die betrokkenheid

- Afrika het kos benodig
- Afrika het finansiële hulp benodig vir ontwikkeling
- Afrika het enige hulp in sy bevrydingsstryd aanvaar
- Afrika was nie gewillig om van sy onafhanklikheid afstand te doen nie
- Demokrasie was nie toetaal aanvaarbaar nie - moes nog ontwikkel word
- Sosialisme was aanvaarbaar maar Kommunisme nie
- Afrika state het die super moonthede teen mekaar afgespeel
- Mislukkings was algemeen en suksesse dun versprey

Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1

Analise van die informasie

- Afrika het in die ideologiese stryd die swakhede van die super moonthede gesien
- Die hulp wat Afrika verlang het was meestal nie die hulp wat gegee is nie
- Bewapening het aan die Afrika leiers 'n valse gevoel van mag gegee
- Afrika was afhanklik van markte vir sy primêre produkte en kon dus nie onderhandel nie
- Armoede en hulpbehoewendheid het Afrika state gedwing om hulp van enige bron te aanvaar

Uitstekend	Baie goed	Goed / Gemiddeld	Swak / Onder-gemiddeld	Baie swak/ Lae standaard
5	4	3	2	1

AFDELING B

VRAAG 5

5.1

- 5.1.1 B
- 5.1.2 C
- 5.1.3 C
- 5.1.4 C
- 5.1.5 D
- 5.1.6 A
- 5.1.7 B
- 5.1.8 C
- 5.1.9 D
- 5.1.10 A

(10x2 = 20)

5.2

- 5.2.1 Britse en Franse ministers van buitelandse sake
Stel voor dat Abessinië tussen Mussolini en Selassie verdeel word
- 5.2.2 Oostenrykse kanselier en Nazi-party leier in Oostenryk
- 5.2.3 Twee provinsies van Tsjeggo-slowakye wat in Maart 1939 deur Hitler beset is
- 5.2.4 Russiese en Duitse ministers van buitelandse sake
Onderteken die Duits(Nazi)-Sowjet Nie-Aanvals (Neutraliteits) Verdrag, 1939
- 5.2.5 Generaal Tojo was die Japanese militaris/ wat die opdrag gegee het om Pearl Harbour te bombardeer

(10)

5.3

- 5.3.1 G
- 5.3.2 E
- 5.3.3 D
- 5.3.4 A
- 5.3.5 C

(5x2 = 10)

5.4

- 5.4.1 Nasionaal-Sosialistiese (Nazi) (1)
- 5.4.2 Werksgeleendhede geskep
Boere armoede uitgewis
Hoër lewenspeil gevestig (2)
- 5.4.3 Von Hindenburg (1)
- 5.4.4 Von Papen en Goebbels (2)
- 5.4.5 Crossinsee en Vogelsang (2)
- 5.4.6 Hoofstad van die Ryk
Die stad van die Nasionaal-Sosialistiese beweging (2)
- 5.4.7 Sachsenhausen en Flossenburg (2)

(12)

5.5

- 5.5.1 Anschluss
Enige toepaslike antwoord (2)
- 5.5.2 Maart 1938 (1)
- 5.5.3 Die Oostenrykse Nazi Party word toegelaat in Oostenryk
Duitsland erken die onafhanklikheid van Oostenryk (1)
- 5.5.4 Hy was gekant teen die Nazi propaganda en het gaan hulp soek by die lande van die
'Klein Entente' (Tsjeggo-Slowakye, Joego-Slawië, Roemenië)
Het die Nazi party leiers begin beperk (2)

- 5.5.5 Die besetting van Abessinië (1)
 - 5.5.6 Italië, Brittanje, Frankryk (enige volgorde) (3)
 - 5.5.7 Strese (1)
 - 5.5.8 Onvermoë van die Volkebond om teen groot moonthede op te tree
Swakheid in die Volkebond se samestelling – VSA nie lid nie
Duitsland en Japan se ontrekking verswak die Volkebond
Volkebond kan nie sy besluite implementeer nie
Kon nie die ontwapening van lande deur voer nie
Lede soek oplossings buite die Volkebond (4)
 - 5.5.9 Kwaad, verontwaardig, minagtend, geen respek vir Volkebond
Enige negatiewe houding (2)
- (18)
- 5.6
 - 5.6.1 Die soldate het hulle geklap, geslaan, geskop en gestamp met die geweerkolwe (1)
 - 5.6.2 Op die parade grond (1)
 - 5.6.3 Blou en wit gestreepte uniforms van seil (1)
 - 5.6.4 Die aand to die Nazi's met 'n beplande optrede alle Jode in Duitsland vervolg het
Joodse winkels is vernietig (1)
 - 5.6.5 Nee (Motiveer of geen punte nie)
Na Munchen het Hitler nog verder gegaan, Boheme en Morawië ingelyf en Pole
binnegeval (2)
 - 5.6.6 A = Duitsland
B = Rusland (2)
 - 5.6.7 Duitsland sluit 'n ooreenkoms met sy vyand Rusland (1)
 - 5.6.8 Duits-Russiese Nie-Annvalsverdrag
Neutraliteitsverdrag
Nazi-Sowjetverdrag (1)

(10)
TOTAAL 80